

**L.M.S.**

Vol. 1 No. 25

**MUNISIPALITEIT**



UNIVERSITY LIBRARY  
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

24 NOV 1961

UNIVERSITY OF STELLENBOSCH  
UNIVERSITY LIBRARY  
MUNICIPALITY

## **STELLENBOSCH**

Mayor's Parlour,

29th September, 1961.

### **THE CONGRATULATIONS OF A WHOLE COMMUNITY**

Friday, 29th September, 1961, will be the 100th anniversary of the day on which Mrs. Margaretha Hendrika Roux, née Cruywagen, was born. This event takes first place in the happenings of the week; and on behalf of all the people of Stellenbosch I extend my heartiest congratulations to her. I hope and pray that the day will be a happy one for her, and that she will experience to the full the feeling that so many will be thinking of her and wishing her well.

Mrs. Roux has had a long and full life, during which she has experienced the bitter and the sweet things that so many years are bound to bring with them. I am happy to note that Mrs. Roux has been privileged to maintain her interest in all that goes on around her, and that her memory is still unimpaired. From Miss Roux we learn that during all her life she has never been so ill that she has had to go to hospital.

At a time when the celebration of the 300th anniversary of the founding of Stellenbosch is approaching, it is interesting for those associated with the Municipality to know that Mrs. Roux still remembers the celebration of the 200th anniversary of the town, particularly the procession, organised by Mr. J. J. van der Byl, father of our present Mr. J. van der Byl, to whom Stellenbosch owes so much for his contributions to local historical research. Mrs. Roux still remembers that in spite of heavy rain, the people of Stellenbosch went through with the procession.

When also extending my congratulations to the members of the family, I do not wish to fail in paying the highest tribute to the devotion of a daughter towards an aged parent. This has been displayed by Mrs. Roux's daughter, Miss Susanna Elizabeth Roux, who has found joy and happiness in looking after her mother.

### **STELLENBOSCH GARDENS**

When realising how beautiful the gardens of Stellenbosch with their flowers and shrubs are once again, I cannot help thinking of the approach of the warm and dry part of the year, when maintenance will so largely depend on irrigation

water. It is advisable that riparian owners, who are envied by some, acquaint themselves with the times allotted them for the use of water. I would also like to point out that the Municipality by order of the Water Court is under an obligation to see to it that the water is available in the furrows serving the various properties. This must be in accordance with Water Court timetables. There is no obligation to operate individual sluices.

When the question is asked why certain people have this privilege, the answer is that irrigation water attaches to land which has been declared riparian to the Eerste River. Riparian owners have on their side agreed to certain conditions, such as the lumping of water. These conditions are of great value to the community as a whole.

### VARIOUS IMPORTANT DISCUSSIONS

The Council met Dr. Friis and Miss Te Groen of the Provincial Library Service on the 24th August; also Mr. Kesting, representing the Public Library Committee. Dr. Friis explained the various services rendered under the provincial scheme, and also the obligations which it would place on the Council.

On Monday, 25th September, 1961, members of the Council met Dr. B. A. Dormer, Dr. Sher and Dr. Been of the Republican Health Department in connection with a health scheme for the district of Stellenbosch. At the meeting the Divisional Council was also represented, and expectations that the discussions will be fruitful are running high. Dr. Dormer is known as the country's greatest authority on tuberculosis.

Discussions have also taken place at Stellenbosch with an official of the Provincial Administration, who has been instructed to examine the group area proposals for the town.

The future of the Phillimore Ives House, previously known as Grosvenor House, is another matter which the Council considers of great importance. A special meeting will soon be held to discuss this.

Housing will naturally claim much attention in the near future; and apart from discussing suitable sites and subdivisions, the Council has decided to carry out inspections of various schemes in Cape Town. Not long ago, the Council had the privilege of meeting Mr. Bührmann, Chairman of the National Housing Commission. What was learnt was that the standards which had been set in South Africa are considerably higher than in most countries, where people have had to be satisfied with accommodation ranging from two families to one room, to two rooms per family. This refers to those for whom housing has to be provided through municipal or Government enterprise.

Mr. Bührmann emphasised the need to provide the minimum accommodation for the greatest possible number of people. He strongly urges the introduction of ownership schemes. These have a big influence on the general outlook of the people concerned.

## BEGROTINGSTYD

Hierdie tyd van die jaar staan die munisipale bedrywigheid in die teken van die begrotings vir die volgende jaar. Die voorbereidings vir die begroting openbaar die besondere probleme van 'n dorp. In Stellenbosch was daar altyd die probleem van die hoë persentasie eiendomme wat van betaling van belastings vrygestel is. 'n Dorp moet dus toesien hoe sy opvoedkundige en ander inrigtings aan belangrikheid toeneem en uitbrei, sonder dat daar 'n moontlikheid bestaan dat daar teen dieselfde tempo ontwikkeling op ander gebiede kan plaasvind. Dit doen natuurlik niks af aan ons trots op hierdie inrigtings nie! Die tyd mag tog wel verligting bring.

Dan is daar hierdie jaar ook nog die feit dat ons dorp wat die 25,000-tal (inwoners) vinnig nader, geen ander uitweg gehad het as om sy dienste geweldig uit te brei nie. 'n Ineenstorting, veral in die geval van elektrisiteitvoorsiening en riolerings, bly andersins 'n steeds dreigende gevaaar. Die koste verbonde aan hierdie uitbreidings, asook die nuwe konstruksies wat dit meebring, staan buite alle verhouding tot die koste van die oorspronklike werke. Sodanige koste het sedert 1938 al verdriedubbel.

Dit is vanselfsprekend dat daar in eerste instansie vir lewensnoodsaaklike dinge voorsiening gemaak word. Ek vrees dat 'n hele paar van ons planne agterweé gehou sal moet word, tot daar weer verligting in die finansiële toestand gekom het.

Jare gelede het die hoop bestaan dat as die groot lenings afbetaal is, alles maklik sal regkom. Die praktyk het egter bewys dat uitbreidings met die verminderde koopkrag van geld 'n veel swaarder las op 'n dorp plaas as wat ooit voorsien is. Die voltooiing van al die werke wat tans onderneem is, verseker egter dat Stellenbosch nie in sy verdere ontwikkeling aan bande gelê sal word nie.

In sy hoedanigheid as opvoedkundige sentrum is Stellenbosch verplig om 'n hoë standaard, veral in verband met sake wat die gesondheid van sy inwoners raak, te handhaaf.

## DIE MUSEUMVRAAGSTUK

Soos ek in 'n vorige geselsie geskryf het, staan die Municipaliteit voor die probleem wat met die Phillimore Ives-Museum, soos dit nog steeds genoem word, moet gebeur.

Die Raad het tot die gevolgtrekking gekom dat dit in elke opsig, nie slegs terwille van sy prestige nie, vir Stellenbosch 'n al te groot verlies sou wees as daar geen plaaslike sentrum bestaan waar kuns in al sy vertakkings tot sy reg kan kom nie. Die Raad dink nog aan die daarstelling van 'n museum van 'n ander aard as die Phillimore Ives — iets wat miskien minder staties is.

Die belangstelling van die Raad in die versameling van oudhede bly nog ewe sterk. Dit is verblydend dat ook in die

jongste tyd die publiek gebly het met die municipale kantore en dat daar gereeld skenkings ontvang word. So is byvoorbeeld onlangs van raadslid De Jong 'n pragtige wandelstok en 'n papiermes van ivoor wat deur krygsgevangeenes in Bermuda en St. Helena gemaak is, ontvang. Die Raad waardeer dit des te meer, omdat hy bewus is daarvan dat raadslid De Jong om persoonlike redes aan dié dinge geheg was.

Ek het met groot belangstelling die Septemberuitgawe van „Africana-Aantekeninge” wat deur die Africanamuseum van Johannesburg uitgegee word, veral die inleidingsartikel, gelees. Soos met ons museum, het ook die Africanamuseum in die jongste tyd allerlei skenkings ontvang, party daarvan (soos byvoorbeeld geskiedkundige skilderye) van groot waarde. Daar word in die artikel beklemtoon dat selfs kleinighede, goed wat die eienaars soms huiwerig is om aan te bied, belangrik is. Daar word genoem: foto's, selfs van amateurs, wat uit albums geneem is; boeke met koerantuitknipsels, kersfeeskaartjies; konsertprogramme, spyskaarte; tremkaartjies; petrolkoepens; allerlei uitnodigings; troukaartjies, ens. Daar word beklemtoon dat selfs die kleinste skenking 'n belangrike bydrae en 'n bron van inligting vir navorsers kan word.

Die Africanamuseum is ook daarvan bewus dat dit party-keer makliker is om die een en ander aan 'n museum te leen. Hulle ondervind dat daar nie genoeg gedoen kan word om die publiek aan te moedig om nie sommer goed weg te gooi nie. Die waarde van baie dinge word later eers ontdek.

Dikwels word die een en ander vertel van hoe die dorp jare gelede daar uitgesien het, waar dié of daardie persoon wat naam gemaak het, gewoon het. Hoe sou dit wees as dié wat tyd het, hulle herinnerings neerskryf en dit aan die Munisipaliteit stuur?

Ek is besonder dankbaar teenoor die redaksie van **Die Eikestadnuus** vir die plek wat so gerедelik in die blad vir die publikasie van dergelike bydraes beskikbaar gestel word. Die verskillende uitgawes van die blad sal waarlik 'n bron van inligting wees vir die publiek, veral ook vir dié wat navorsing doen.

## 'N WAARSKUWING

'n Noodlottige ongeluk, te wyte aan onoordeelkundige bemoeiing met elektriese installasies, het tot heelwat bespreking gelei. Daar is tot die gevolg trekking gekom dat die geelde nasien van elektriese installasies 'n onbegonne taak sonder die volle samewerking van die publiek sou wees. Ek wil graag 'n beroep op alle eienaars en huisbewoners doen om te sorg dat onbevoegdes nie toegelaat word om aan installasies te peuter nie.

S. W. J. LIEBENBERG,

Burgemeester.